
# COETZERNUUS

**Augustus 2017**

*Liewe Vriende*

Na n baie warm somervakansie hier in Frankryk, is ons nou in die laaste stuiptrekke voordat die skole volgende week hervat. Nog n nuwe skooljaar wat voorlê en is ons opgewonde oor dit wat die Here gaan doen.

Die Here het voorsien sodat ek die groot voorreg gehad het, om in Julie na Amerika te gaan waar Riaan en sy gesin woon, om ons nuwe kleinseuntjie Caleb (18 maande), te gaan ontmoet en sommer weer die res van Riaan en sy gesin te sien.



Riaan en Jennifer het vir Caleb in die Fillipyne gaan haal in n weeshuis, na 4 jaar se voorbereiding vir aanneming. Hy is n vriendelike en lewendige ou seuntjie en het sommer diep in my hart gekruip. Ons vertrou dat hy verder goed sal inskakel by die gesin en dat die nuwe lewe wat vir hulle voorlê, geseënd sal wees.

**Huisvesting** : Ons is die Here so dankbaar wat weereens voorsien het in huisvesting by die plek waar ons goed gestoor is. Die eienaar van die plek, vriende van ons, het ons gevra of ons nog n jaar wil aanbly. Die huis is verkoop aan n promotor en gaan gesloop word volgende jaar Oktober. Ons is dus in n groot gerieflike plek en was die Here maar net weer, meer as getrou. Ons vertrou Hom volkome vir die volgende stap.

**Julie en Augustus** : Gedurende die vakansietyd is kerke maar taamlik leeg, maar het Jan n paar keer kon preek in die kerkie waar ons betrokke is.

Ons het ook die voorreg gehad om die 14de Aug n huwelikseremonie by te woon. U sal onthou dat ek voorheen geskryf het oor die franse meisie, Nadège, wat na vele selfmoordpogings in die hospitaal beland het, en ek haar besoek het elke week vir 3 maande lank. Wel, sy is

getroud en dit gaan baie beter.

Bid asb dat die Here die saad wat gesaai is, sal laat groei in haar en haar man se harte.

**Geletterdheidsklasse** : Ek begin DV 12 Sept met die klasse en sal hierdie jaar 2 keer per week daarmee besig wees. Die aantal vroue wat sover ingeskryf het, het verdubbel en sien ek uit om saam met n franse vriendin wat my help, die wonderlike taak aan te pak om die Evangelie aan hierdie groep te bring. 2 moslem vroue vanuit n ander buurt het begin kom net voor die vakansie. Bid asb vir hulle om terug te kom asook vir ander om in te skakel.

**Nuwe Franse Vroue Bybelstudie:** Ek het reeds begin met n nuwe franse groepie een keer per week. Bid asb dat die Here sal lei en meer sal bykom en sal groei in hulle wandel met God.

**Joy projek**: Gebasseer op Nehemia 8:11 "want die blydskap in die Here, dit is julle beskutting." Sommige van u sal onthou dat ek voorheen geskryf het oor die JOY projek wat ek en n ander vriendin aangebied het, wel, ons gaan dit weer doen en het ons al n klompie inskrywings. Ons begin DV die 11de Sept elke Maandagaand vir 11 weke. Bid asb hiervoor dat dit veel vrug sal oplewer en dat lewens sal verander.

**Projek vir vroue**: Toe ons 5 jaar gelede hier in Toulouse aangekom het, het ek die "droogte" wat betref geleenthede vir vroue hier raakgesien. Baie dinge gebeur in Parys en 2 jaar gelede het die nasionale organisasie vir christinvroue n tak begin in Lyon. Die Here het toe op my hart gelê om n soortgelyke tak te begin hier in die suidweste. Ek het die komittee ontmoet en hulle het my die groenlig gegee om aan die werk te spring. So het ek dadelik n paar christinvriendinne betrek en het ons begin bid. Ons hou ons die heel eerste byeenkoms in Desember met die tema "Kersfees vir elkeen". Ons werk tans aan die program en sal u voorbidding waardeer. Bid asb dat dit sal groei in n groot aksie onder vroue vir die koninkryk.

**Al Massira**: Jan werk nog getrou aan die korreksies met die afrikaanse vertaling en dit hou hom baie besig. Bid asb vir die projek dat die Here dit sal gebruik van krag tot krag en almal daarby betrokke, sal seën. Hierdie projek is al vertaal in sowat 10 tale en word wêreldwyd gebruik met groot sukses.

**Kerkplante**: Bid asb vir die twee kerkies waar ons by bettrokke is.

Castres en Empalot, dat die Here die werk sal seën.

In Castres wil ons hierdie jaar beweeg vanuit die huis waar die byeenkomste gedoen word, na n gebou. Die huis raak te klein en lê die volgende fase voor. Bid asb vir die regte plek en dat meer mense geraak sal word met die Evangelie.

Ons opregte dank aan u elkeen wat die pad al 32 jaar met ons stap.

Dankie vir u ondersteuning, finansiëel en in gebed.

*Groete in Hom*

*Jan en Marietjie*

jan.coetzer@om.org +33611465671
coetzermarie@gmail.com +33650606314